



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN
2015

10602

WISKUNDIGE GELETTERDHEID

TWEEDE VRAESTEL

PUNTE: 150
TYD: 3 uur

Bladsye 18

WISKUNDIGE GELETTERDHEID: Vraestel 2
1060A



10602A

X10



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
VOORBEREIDENDE EKSAMEN

WISKUNDIGE GELETTERDHEID
(Tweede Vraestel)

TYD: 3 uur

PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Beantwoord AL die vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Jy mag gebruik maak van 'n goedgekeurde sakrekenaar (nie-programmeerbaar en nie-grafies), tensy anders vermeld.
5. Wys ALLE berekeninge duidelik.
6. Gebruik gepaste afronding vir ALLE finale antwoorde, tensy daar spesifieke afronding aangedui word OF waar toepaslike afronding OP of AF toegepas moet word.
7. Toon maateenhede waar nodig.
8. Kaarte en diagramme is NIE noodwendig volgens skaal geteken nie, tensy anders vermeld.
9. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1


- 1.1 **JOHANNESBURG – Die munisipaliteit sê dat die watervoorraad in Ekurhuleni het Sondag begin stabiliseer nadat Bedfordview en Primrose begin water ontvang het na 'n periode van watertekort. (28 September 2014).**

Baie soortgelyke nuusartikels het gereeld oor die hele land in die koerante verskyn gedurende 2014. Meer mense het begin om watertenks by hulle huise te installeer om sodoende water op te vang.

Die grootte van die dak vanwaar die water opgevang word en die gemiddelde reënval in die area, bepaal die geskatte volume water wat oor 'n tydperk van 'n jaar opgevang word.

- 1.1.1 Mnr. Chidi wil die volume van die water wat hy vanaf die dak kan opvang, bereken. Hy moet eerstens die oppervlakte van die dak waar vanaf hy die water wil opvang, bepaal.

Die lengte van die dak is 22 700 mm en die skuinshoogte is 4 280 mm. Hy sal slegs water van een kant van die staandak af opvang.



Bereken die oppervlakte van die dak in die illustrasie aan die kant waar hy die water sal opvang in vierkante meter. Gebruik die formule:

$$\text{Oppervlak van 'n reghoek} = \text{lengte} \times \text{breedte} \quad (3)$$

- 1.1.2 Die omgewing waar Mnr. Chidi woon, se gemiddelde reënval is omtrent 638 mm per jaar.

Bereken naastenby die volume water (in liter) wat hy oor 'n tydperk van een jaar in 'n tenk sal opvang, as die volgende inligting gegee is:

- Een millimeter reën op 'n vierkante meter dak is gelyk aan een liter.
- Bereken naastenby hoeveel water oor 'n tydperk van 'n jaar opgevang is en gebruik die volgende formule:

$$\text{Dak se volume water (liter)} = \text{gemiddelde jaarlikse reënval (in mm/jaar)} \times \text{dakoppervlak (in m}^2\text{)} \times 85\% \quad (2)$$

- 1.1.3 Mnr Chidi koop 'n 4 500 liter tenk soos in die prent (op skaal) hieronder aangetoon. Die diameter van die tenk is 1 810 mm en die hoogte is 2 060 mm.



- (a) Meet die diameter van die tenk op die 2D-prent van die 3D-tenk en gebruik die afmeting om die skaal wat vir die prent gebruik is te bepaal. Gee jou antwoord as eenheid-skaal. Moenie desimale in die skaal gebruik nie. (4)
- (b) Op 14 Desember het die meter wat hy op die tenk geïnstalleer het, aangedui dat die volume water in die tenk 3, 76 kiloliter was. Bereken die hoogte van die water in die tenk op daardie dag, in meter. Gebruik die volgende formule:


$$\text{Volume van 'n silinder} = \pi \times \text{radius}^2 \times \text{hoogte}$$

$$1 \text{ kl} = 1 \text{ m}^3$$

$$\text{Gebruik } \pi = 3,142$$

(6)

- 1.2 Die verkoopsbestuurder by “Water IQ”, ’n maatskappy wat watertenks verkoop, maak data bymekaar oor die aantal tenks wat deur drie van sy top verkoopsagente per maand verkoop word, oor ’n tydperk van ’n jaar. Hy het ’n opsomming van hierdie data gemaak op ’n houer-en-puntdiagram soos hieronder.



- 1.2.1 Skat die onderste kwartielwaarde van die aantal watertenks wat deur Agent C verkoop is. (2)
- 1.2.2 Vir hoeveel maande het Agent A 40 of minder tenks verkoop? Wys/verduidelik jou stappe van berekening. (3)
- 1.2.3 Bepaal die minimum en die maksimum aantal tenks wat deur bemerkingsagent B per maand verkoop is gedurende die drie maande wat hy gedurende sy laagste verkope aangeteken het. (4)
- 1.2.4 Agent B het die toekenning vir die “Verkoopsman van die jaar” in 2014 ontvang. Dink jy die regte verkoopsman het die toekenning ontvang? Gee 3 redes vir jou antwoord. Verwys na die aantal tenks wat verkoop is in die kwartiele wat jy gebruik het om die prestasie van die agente te vergelyk. (7)
- 1.2.5 Indien die minimum kommissie wat ’n agent per tenk kan verdien R713.76 is, bereken die laagste bedrag wat agent C per maand in 2014 kon verdien het. (4)

- 1.3 Die volgende berig het op 12 Augustus 2014 in die *Newcastle Advertiser* verskyn – *Graad 1- en Graad R-leerders van Laerskool Utrecht is huis-toe gestuur weens die watertekort, wat die skool vir twee dae sonder water gelaat het.*

- 1.3.1 Een rede waarom 'n skool moontlik moet sluit as daar nie water is nie, is dat daar nie water vir die leerders en personeel is om te drink nie. Dit is egter nie die hoofrede waarom skole moet sluit as daar nie lopende water beskikbaar is nie.

Noem enige **ander** gesondheidsrisiko verbonde aan 'n watertekort wat skole kan dwing om te sluit as daar nie water is nie.

(2)

- 1.3.2 Deesdae sien ons al hoe meer skole wat watertenks installeer. Ons sien ook dat watertenks by die meeste nuwe skole wat gebou word, geïnstalleer word.

Verduidelik waarom skole die beste plek vir munisipaliteite is om reënwatertenks te installeer om water aan die omliggende gemeenskap te verskaf wanneer daar 'n waterkrisis ontstaan.



(2)
[39]

VRAAG 2

- 2.1 Die staat vereis inkomste op 'n deurlopende basis, daarom moet werkgewers LBS (Lopende Betaal Stelsel) van hulle werknemers se salarisse aftrek en dit dan aan SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens) elke maand oorbetal.

Mnr. Joe Nxumalo werk as 'n senior Rekenaar (IT) Tegnikus by 'n "IT Kliniek." Hy ontvang 'n basiese salaris van R21 650,75 per maand gedurende die 2014/15 belastingjaar.

- Sy volle bydrae aan die **pensioenfonds** is aftrekbaar van belasting. Die 7,5 % bydrae tot die pensioenfonds sal sy belasbare inkomste verminder.
- Sy vrou en twee kinders is lede van sy **mediese fonds**. Die kwalifiserende **mediesebelasting-krediet** bedrag is aftrekbaar vanaf die berekende belasbare bedrag.
- Die **WVF(UIF)** bedrag wat afgetrek word, is minder as 1% as gevolg van die maksimum aftrekkingslimiet (die plafonbedrag) van toepassing in 2014. WVF is nie aftrekbaar van belasting nie.
- Hy ontvang sy jaarlikse bonus in sy verjaarsdagmaand.
 - Die bonus is belasbaar.
 - Geen pensioenfonds word van sy bonus afgetrek nie.
 - Hy verkies om sy jaarlikse belasting op sy bonus in die maand wat hy sy bonus ontvang, te betaal. (’n Werknemer het die keuse om die belasting op sy bonus te versprei oor 12 maande – wat dan sy maandelikse aftrekking op sy belasting verhoog, dit sal lei tot 'n hoër netto uitbetaling in sy bonusmaand.)

Gebruik die salarisstrokie in BYLAAG A om die volgende te beantwoord:

- 2.1.1 Mnr. Nxumalo het sy jaarlikes bonus (’n nie-pensioendraende 13^{de} tjek wat belasbaar is) in Mei ontvang. Bereken sy belasbare inkomste vir 2014/2015. (5)
- 2.1.2 Bereken die jaarlikse mediese fondse belastingkrediet waarvoor Mnr. Nxumalo kwalifiseer. (3)
- 2.1.3 Verduidelik waarom dit belangrik is om Mnr. Nxumalo se geboortedatum vir belastingdoeleindes te weet. (2)
- 2.1.4 Gebruik die belastinginligting op BYLAAG B om die jaarlikse belasting wat betaalbaar is op Mnr. Nxumalo se belasbare inkomste, te bereken. (6)
- 2.1.5 Gebruik die inligting van die belastingaftrekkings op die salarisstrokie om te verifieer of die werkgewer genoeg belasting vanaf Mnr. Nxumalo se salaris vir 2014/2015 belastingjaar afgetrek het. Wys al jou stappe. (4)

2.2 Een van die items op Mnr. Nxumalo se begroting is maandelikse brandstofkoste. Hy begroot om vir 'n afstand van 1 530 km per maand te reis. Die gemiddelde brandstofverbruik van sy voertuig is 8,1 liter per 100 km. Die brandstofprys in Junie sal R14,24/liter wees.

2.2.1 Sy begroting vir Junie 2014 wys dat hy beplan om R1 800 te spandeer. Het hy genoeg geld vir brandstof begroot? (4)

2.2.2 Gee 'n praktiese rede vir die verskil in die bedrag waarvoor hy begroot het en die werklike berekening. (2)

2.2.3 Hy het rekord gehou waarvoor hy sy voertuig in Junie 2014 gebruik het. Hy vermeld dat die verhouding tussen reis vir familiedoeleindes, reis tussen huis en werk en reis na kliënte 3:11:4 was. Hy het 14 heen-en-weer ritte tussen sy huis en werksplek gedurende Junie 2014 afgelê, bereken die geraamde afstand tussen sy huis en werk indien sy eintlike reisafstand vir die maand 1 512 km was. (4)

2.3 Die maandelikse salarisse van 16 mense wat in die tegniese departement werk, is in die tabel hieronder gelys. Die geldeenheid is in Rand.

TABEL 1: Die maandelikse salarisse van 16 mense

34 720	17 482	9 800	A
13 550	21 650	11 200	17 482
16 245	14 837	13 420	10 000
8 400	12 996	B	15 400

2.3.1 **A** verteenwoordig die laagste salaris. **B** is minder as R32 000. Die omvang van die stel salarisse is R28 020. Bepaal die waarde van **A**. (2)

2.3.2 Die gemiddelde salaris is R14 702. Bereken die waarde van **B**. Toon alle stappe. (4)

2.3.3 Bepaal die mediaansalaris. (3)

2.3.4 Wat is die waarskynlikheid dat 'n persoon wat in die tegniese departement werk, 'n salaris sal verdien wat bo die gemiddelde salarisskaal is? Druk jou antwoord uit in 'n desimale formaat. (3)

2.3.5 Watter maatstaf van sentrale neiging gee 'n beter opsomming van die salarisse van die tegniese afdeling? Gee redes vir jou antwoord. (3)

2.3.6 Verskaf 2 moontlike redes vir die groot gapings tussen die salarisse van die werkers in die tegniese departement. (4)

[49]

VRAAG 3

3.1 Mnr. en Mev. Swart het onlangs afgetree. Hulle beplan om in 'n aftree-oord wat nog in ontwikkeling is, in te trek. Hulle word van verskeie vloerplanne voorsien waaruit hulle die tipe huis kan kies waarby hulle lewenstyl sal pas. Hulle word toegelaat om voorstelle te maak oor die herorganisering van die binnekant van die huis, maar die buitemure moet soos op die plan aangedui bly. Gebruik die inligting en die planne wat verskaf is in BYLAAG C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1.1 Die afmetings op die plan is nog in Amerikaanse duime en voete (10'6 beteken 10 voet 6 duim). Bereken naastenby die vloeroppervlakte (in vierkante meter) van die huis in die plan, maak gebruik van die langste buitenste sye van die mure.

Oppervlak van 'n reghoek = lengte $\times$ breedte (4)

3.1.2 Hulle vermeld dat die vloeroppervlakte van die huis 37% kleiner is as hulle huis huidiglik. Bereken die vloeroppervlakte van hulle huidige huis. (3)

3.1.3 Verduidelik watter kamers op die plan warmer as die ander sal wees gedurende die wintermaande, indien geen verwarmers aangeskakel word nie. Gee redes vir jou antwoord(e). (4)

3.1.4 Gebruik die kompasrigting om C te vervang met "C – Aansig". (2)

3.1.5 Noem die kamers sonder vensters op die plan. Bespreek enige uitdaging wat 'n bewoner van die gebou mag ondervind weens die gebrek aan vensters. (3)

3.1.6 Bespreek een uitlegverandering wat jy sal maak aan hierdie huis indien jy dit sou koop. Gee redes vir jou voorstelle. (2)

Nota: 'n Verandering sonder enige geldige verduideliking sal geen punte kry nie.

- 3.2 Mnr. Rotkin het 'n huis by Mnr. en Me. Swart gekoop en 'n lening by die bank aangegaan. Hy het slegs aansoek gedoen vir 'n verbandlening van R500 000 terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 20 jaar. Die maandelikse saamgestelde rentekoers vir hierdie lening is 8.75%. Mnr. Rotkin het nie die opsie van verkorte terugbetaling oor 'n periode van 15 jaar geneem nie, maar het besluit om 'n addisionele maandelikse bedrag van R1 000 op sy verband af te betaal.

3.2.1 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

TABEL 2: HUISLENING TERUGBETALINGSTABEL

Leningstermyn		Results en opsomming	
Lening Bedrag	500 000,00	Maandelikse Rentekoers	0,729%
Jaarlikse Rente	8.75%	Aantal Geskeduleerde Betalings	240
Leningsperiode in Jare	20	Totale Geskeduleerde Betalings	1 060 452,85
Betalingspaaielemente	Maandeliks	Totale Rente	560 452,85
Saamgestelde periode	Maandeliks	Aantal Terugbetalings	154
Soort Betaling	Einde van Periode	Totale Betalings	834 320,92
Eerste betalingsdatum	1-1-2016	Totale Rente	334 320,92
		Geskatte rente gespaar	A
		Verpligte maandelikse paaielement	4 418,55
		Addisionele Betalings	1 000,00
		Afbetalingsdatum	B

- 3.2.1 (a) Die eiendomsagent het die bostaande opsomming aan Mnr. Rotkin getoon sodat hy kan sien watter bedrag hy na verwagting kan spaar in rente indien hy die ekstra R1 000 elke maand betaal. Sy het uitgewys dat hy R217 131.93 op sy totale verbandterugbetaling sal bespaar. Toon deur middel van volledige berekeninge aan of sy vir hom die korrekte vooruitgeskatte besparingsbedrag gegee het. (3)

- (b) Die tabel toon die verkorte periode vir die terugbetaling van die verbandlening aan mits hy die ekstra R1 000 maandelikse betaling kan betaal. Verskaf die maand (B) en jaar (B) waarin Mnr. Rotkin se huis afbetaal sal wees indien hy die dissipline het om vol te hou met die addisionele maandelikse betaling. (3)

3.2.2 Bestudeer die twee grafieke in BYLAAG D en beantwoord die vrae wat volg:


- (a) Vergelyk die stawe en waardes van die verskillende bedrae wat in grafiek A gebruik is. Verduidelik waarom die ligter gedeelte nie **alleen** gebruik kan word om die bedrag van betaalbare rente gedurende 1 jaar te bepaal nie. Beraam/skat die bedrag rente wat gedurende daardie jaar betaalbaar is. (4)
- (b) Vir hoeveel jaar sal Mnr. Rotkin 'n groter bedrag in rente betaal, in vergelyking met die oorspronklike leningsbedrag? (2)
- (c) Watter grafiek maak dit makliker vir jou om die antwoord vir (b) raak te sien? Motiveer jou keuse. (2)

[32]

b.o.

VRAAG 4

- 4.1 Bestudeer die illustrasie hieronder en gebruik die inligting wat gegee is in die spotprent en die bevolkingstatistiek om die vrae te beantwoord wat gebaseer is op die 2014-syfers:



Tabel 2: Halfjaarlikse bevolkingsvooruitskatting per provinsie, 2014

	Bevolkingsvooruitskatting	% van totale bevolking
Oos-Kaap	6 786 900	12,6
Vrystaat	2 786 800	5,2
Gauteng	12 914 800	23,9
KwaZulu-Natal	10 694 400	19,8
Limpopo	5 630 500	10,4
Mpumalanga	4 229 300	7,8
Noord-Kaap	1 166 700	2,2
Noordwes	3 676 300	6,8
Wes-Kaap	6 116 300	11,3
TOTAAL	54 002 000	100

Bron: Statistiek Suid-Afrika



- 4.1.1 (a) Bereken die waarskynlikheid dat iemand in Suid-Afrika in 2014 deur 'n dronkbestuurder doodgery sal word. Gee jou antwoord as 'n persentasie. (3)
- (b) Kies een van die woorde in die boonste deel van die waarskynlikheidskaal om woordeliks te beskryf wat die waarskynlikheid is dat 'n persoon deur 'n dronkbestuurder doodgery sal word. (2)
- (c) Mnr. Joseph, 'n navorser, gebruik die statistiek in die illustrasie om die gemiddelde geweersterftes per provinsie te bereken. Hy gebruik die verhoudingsverdeling van die bevolking per provinsie om die vooruitgeskatte provinsiale gemiddeld te bepaal. Hy beweer dat Mpumalanga sowat 390 geweersterftes per jaar sal hê. Verifieer of hierdie berekenings akkuraat is. (3)
- 4.1.2 Lees die onderstaande verslag. Dit bevat inligting betreffende die koste van Suid-Afrikaanse padongelukke. Gebruik die inligting om die onderstaande vrae te beantwoord:

Die “**RWIN**” (*Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing*) sê dat die koste **van padongelukke in Suid-Afrika jaarliks R309 biljoen beloop**. Die Departement van Vervoer raam op ongeveer 14 000 sterftes per jaar – maar die meeste persone betrokke by padveiligheid reken hierdie is grootliks verkeerd en die ongelukkige / sterftes en beserings is nie volledig gerapporteer nie.

Alkoholmisbruik (voetgangers / bestuur onder die invloed) **veroorsaak ten minste die helfte van hierdie probleme**.

www.sadd.org.za

- (a) Die bedrag van R309 biljoen is gebaseer op die koste van ongelukke as gevolg van allerlei oorsake. Bepaal die geraamde koste wat gereken word as gevolg van alkoholmisbruik. Skryf die antwoord **SONDER** die gebruik van die woord “biljoen”. (2)
- (b) Indien die geskatte koste van padongelukke Suid-Afrika 8,3 % meer gaan kos vir die volgende jaar, bepaal die nuwe geraamde bedrag vir die begroting. Gee jou antwoord afgerond tot die naaste miljoen. (3)
- [13]

VRAAG 5

5.1 Toe Xolani in 'n tuin-kothuis naby sy nuwe werksplek ingetrek het, het hy 'n bed teen R 1 270 en 'n yskas teen R2 530 aangeskaf. Die winkel was bereid om hierdie items op die volgende voorwaardes op krediet aan hom te verkoop:

- Hy moet 10 % deposito betaal;
- 18.24 % enkelvoudige rente per jaar op die uitstaande bedrag bereken sal word.
- Hy het 'n keuse van terugbetaling oor 6 / 12 / 18 / 24 of 30 maande.

5.1.1 Bereken die balans nadat die deposito betaal is. (2)

5.1.2 Gebruik die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

TABEL 4: Maandelikse paalement per R100 wat geleen is

Hoeveelheid paalemente	Enkelvoudige rente per jaar			
	11,24%	14,74%	18,24%	21,74%
6	17,6033	17,8950	18,1867	18,4783
12	9,2700	9,5617	9,8533	10,1450
18	6,4922	6,7839	7,0756	7,3672
24	5,1033	5,3950	5,6867	5,9783
30	4,2700	4,5617	4,8533	5,1450
NEEM KENNIS	Getalle gereflekteer hierbo is in Rand per R100-lening			

- (a) Bereken die maandelikse paalement wat hy sal moet betaal vir die bed en die yskas omdat hy besluit het om die balans oor 'n tydperk van 30 maande te betaal. Toon alle berekeninge. (3)
- (b) Bereken hoeveel méér Xolani sal moet betaal vir die bed en die yskas aangesien hy besluit het om dit op skuld koop. (3)
- (c) Gee 'n rede waarom mense op krediet koop, al kos dit hulle meer. (2)

5.2 Xolani se ma het vir hom 'n boek- en vertoonkas gekoop. Hy moet dit self aanmekaar sit na aanleiding van die instruksies ingesluit in die verpakking.

- Bestudeer die instruksies in die partelys in BYLAAG E.
- Skryf gedetailleerde instruksies vir die aanmekaarsit van die rak.
- Skryf eers die stapnommer en dan die instruksie vir die spesifieke gedeelte neer.
- Jy moet die name van die parte soos verskaf in BYLAAG E, gebruik.
- Dui die rigtings aan soos wat die rakke / panele in die kas ingeskuif moet word om te verseker dat dit stewig in posisie sluit.

(7)
[17]

TOTAAL: 150

b.o.

BYLAAG A: VRAAG 2

Joe Nxumalo se salarisstrokie vir Mei 2014

IT Kliniek	SALARIS DATUM: 31-05- 2014	NAAM: J Nxumalo	PERSONEEL NOMMER: 991256	DEPARTEMENT: Tegnies
IDENTITEITS NOMMER: 8005280112083	GEBOORTE DATUM: 28-05-1980	WERKSBE- SKRYWING: Senior IT- Tegnikus	BELASTING VERWYSINGS NOMMER: 0835/078/25/3	
HUWELIK STATUS: Getroud	MEDIESE FONDS AFHANKLIKES: 3 (eggenoot + 2 kinders)	BANKREKENING NOMMER: 963 246 987	BANK: ABC Bank	
SALARIS	BEDRAG	AFTREKKINGS	BEDRAG	
Basiese salaris	R21 650,00	Belasbare Inkomste (LBS) (op basiese salaris)	R2 069,85	
Jaarlikse Bonus	R21 650,00	Belasbare Inkomste (LBS) (op bonus)	R5 412,50	
		Pension	R1 623,75	
		Mediesefonds-bydrae	R3 740,00	
		WVF	R148,72	
BRUTO SALARIS	R43 300,00	TOTALE AFTREKKINGS	R12 994,82	
NETTO SALARIS BETAALBAAR:				R 30 305,18

BYLAAG B: VRAAG 2

Belastingkoers (Van toepassing op individue) 2014-2015 belastingjaar

Belasbare Inkomste (R)	Belastingskoers (R)
0 – 174 550	18% van elke R1
174 551 - 272 700	31 419 + 25% van die bedrag bo 174 550
272 701 - 377 450	55 957 + 30% van die bedrag bo 272 700
377 451 - 528 000	87 382 + 35% van die bedrag bo 377 450
528 001 - 673 100	140 074 + 38% van die bedrag bo 528 000
673 101 en bo	195 212 + 40% van die bedrag bo 673 100

Belastingkorting van toepassing op individue

Primêre korting	R 12 726
Sekondêre korting (vir persone 65 jaar en ouer)	R 7 110
Tersiêre korting (vir persone 75 jaar en ouer)	R 2 367

'n Belastingkorting is 'n tipe afslag.

Belastingdrempels van toepassing op individue

Persone onder 65 jaar	R 70 700
Persone 65 jaar en ouer	R110 200
Persone 75 jaar en ouer	R123 350

Mediese fonds- belastingkrediet: 2014/2015 jaar (1 Maart 2014 - 28 Februarie 2015)

R257 per maand vir belastingpligtiges wat mediese fonds-bydraes maak


R257 per maand vir die eerste afhanklike op die mediese fonds

R172 per maand vir elke addisionele afhanklike op die mediese fonds

Hoe werk dit? Die Jaarlikse Mediese fonds – belastingkrediete moet afgetrek word vanaf die berekende bedrag van die werknemer se belasting vir die jaar.

BYLAAG C – VRAAG 3.1

(LET WEL– diagramme is nie noodwendig volgens skaal geteken nie.)



IMPERIËLE: METRIEKE HERLEIDINGSTABEL

1 meter = 3,28084 voet

1 voet = 0,3048 meter

1 voet = 12 duim

1 duim = 0,0254 meter

1 duim = 2,54 cm

1 jaart = 0,9144 meter


1 cm = 0,3937 duim

BYLAAG D - VRAAG 3.2


Beide grafieke wys dieselfde inligting naamlik:

- Die uitstaande balans op die lening aan die einde van elke jaar
- Die bedrag rente betaal in 'n jaar
- Die bedrag wat betaal is op die eerste bedrag (aanvangsbedrag) van (die geleende bedrag)








GRAFIEK A: 20 JAAR lening- Terugbetaling op 'n R500 000 lening– Ekstra R1000 betaal per maand



GRAFIEK B: 20 jaar lening- Terugbetaling op 'n R500 000 lening – Ekstra R1000 word per maand betaal



BYLAAG E: VRAAG 5.2

		
Gemonteerde produk	Stap 1	Stap 2
		
Stap 3	Stap 4	Stap 5
	A- Boonste rak B- Onderste rak C- Kantpanele (L & R) D- Boonste buiteblad E- Basis bo F- Agterste Paneel	 Pyle dui rigting aan waarin panele/rake gedruk moet word om stabiliteit te verseker.
ONDERDELE DIAGRAM	ONDERDELE LYS	